Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

*DIE PARLEMENTÊRE STELSEL IS DIE EINTLIKE BRITSE KONNEKSIE OP STAATKUNDIGE GEBIED*

# Die O.B.

*DIE BRITSE KONNEKSIE KAN VERBREEK WORD DEUR DIE PARLEMENTÊRE STELSEL TE VERVANG DEUR 'N BOERESTELSEL*

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 19 SEPT. 1945. No. 43.

# Verenigde Party Bemaak Diktatuur Aan S.A.

## Politieke Spioenasie Duur Voort In Vredestyd

**Vyf maande na die oorlog in Europa beëindig is, en reeds nadat talle oorlogsgeheime amptelik ontbloot is, gaan die bewindvoerende party nog voort met sy deursnuffeling van privaat korrespondensie en afluistery van telefoniese gesprekke.**

**Die oorlog is teen Duitsland verklaar omdat daardie land dan die menslike vryheid nie meer sou gerespekteer het nie. Die Duitse volk moes verlos geword het van 'n ondemokratiese bewind wat met behulp van geheime polisie sy gesag oor die volk moes handhaaf. Dit trouens is wat die meer as 7,000 Suid-Afrikaners wat in die oorlog gesneuwel het, geglo het. Dit was vir hierdie menslike vryhede waarvoor hulle hul lewens gaan neerlê het, en in hierdie geloof het hul agtergeblewenes troos gevind in die verlies wat hulle aangedoen is.**

Die oorlog was skaars aan die gang of die bewindvoerende party, wat uitsluitend vir die oorlogsverklaring verantwoordelikheid aanvaar, soos genl. Smuts verlede week erken het, het met die een diktatoriale maatreël na die ander gekom. Landsburgers is sonder verhoor na konsentrasiekampe gestuur — in minstens vyf gevalle het verantwoordelike ministers erken dat die slagoffers onskuldig daar beland het. Politieke organisasies, soos o.a. die O.B. wat sedert Unie die mees verteenwoordigende organisasie van die Afrikanervolk was, is tot staatsgevaarlike organisasies verklaar en op allerlei wyse in bande gelê — dat die „staat" in hierdie geval maar net 'n politieke party was wat 'n minderheid van die volk verteenwoordig het, is danksy die partypolitieke opvoeding van ons volk nie allerweë besef nie. Die beperkings op persoonlike vryheid het hiermee nog geen einde gekry nie. Die hele volk is onder die soeklig geplaas van 'n geheime polisie wat in omvang — al was dit nie in noukeurigheid nie — sekerlik dié van Duitsland na verhouding oortref het. 'n Leër van 40,000 sogenaamde Waarheidsridders is op die been gebring met die taak om op hul medeburgers te spioeneer en geheime inligting aan die regering te verstrek. Benewens dit het die regerende party 'n politieke sensuur ingestel wat belas was met die oopstoom van alle privaat korrespondensie en die afluister van telefoongesprekke. Hoewel oorlogsondersteuners self gevoel het dat hierin te ver gegaan is, is die swye bewaar omdat geglo is dat hierdie maatreëls tot die veiligheid bydra van diegene wat aan die front veg.

### IETS ANDERS

Die oorlog is egter nou verby. Aan die soldate wie se beendere op buitelandse slagvelde rus, se veiligheid kan geen politieke party — selfs 'n bewindvoerende — meer iets doen nie. Die ander soldate, wat teruggekeer het na die „paradys" waarvoor hulle gemeen het om te veg, se veiligheid is nie meer afhanklik van militêre inligting en krygsgeheime nie, maar van die ekonomiese toestande waarin hulle hul bevind. **Vir hulle gaan dit vandag om bestaansveiligheid. Hulle wil huise hê en werk — en daardie persoonlike vryheid wat hulle met hul sweet en die bloed van hul kamerade vir die Duitse burger moes gaan terugveg het.**

**Hulle wil die reg hê om ook self te bepaal deur wie en hoe hulle regeer moet word.** Maar in die plek van hierdie reg vind hulle nou dat daardie oorlogsmaatreëls wat kwansuis aangewend was om hul veiligheid te verseker, tans aangewend word om die veiligheid van 'n regerende party te verseker teen aanstormende ontevredenheid — ook van die teruggekeerde soldaat self. **Vir hom, net soos vir sy ander medeburgers geruime tyd, is daar geen privaatheid meer nie.** Elke verwensing of sug wat hy slaak, word opgevang deur die een of ander geheime agent wat dit aan die regerende party oordra.

### SELFBEHOUD

Dit is geen stryd meer van 'n staat teen staatsgevaarlike bewegings nie, maar van 'n politieke party om selfbehoud — soos dit trouens ook maar dwarsdeur die oorlog was. Want watter ondermynende groep wat staatsgevaarlike planne beraam, sal hul geheime aan 'n pos- of telefoniese diens toevertrou wat wemel van geheime agente? **Dit is duidelik dat die regerende party hierdie sogenaamde oorlogsmaatreëls nog altyd aangewend het, en nou nog aanwend as 'n middel om homself op politieke gebied te handhaaf.**

Duitsland is verslaan. Hy word vandag kaal geplunder op alle gebiede. Volgens Britse verslaggewers strek hierdie plundering van polshorlosies uit private huise tot nywerheidsmasjinerie uit staatsfabrieke. Elkeen wat tot die oorwinning bygedra het, lê beslag op wat hy as nuttig vir homself beskou. **En die Verenigde Party van Suid-Afrika het Duitsland geplunder van die karikatuur van sy politieke stelsel.**

# Eienaardige Politieke Spel: Verhoor van 15 Pole

**Die korrespondent van die Amerikaanse blad Time, wat die verhoor van die vyftien Poolse leiers in Moskou bygewoon het, kon ook maar net sy kop skud na afloop van die vertoning. Hy gee onder meer die volgende beskrywing van wat hy gesien het:**

„Die beskuldigingshok was 'n timmerasie van planke uit negosiekiste . . . Die hof het van 11 vm. tot middernag gesit, en op die derde en laaste dag dwarsdeur tot om 5 uur die volgende oggend. Die getuies wat deur die aanklaer uit Pole gebring is, het ingesluit 'n ondergrondse kommandant, radio-telegrafiste en ander persoonlikhede wat tipies is van 'n ondergrondse beweging wat geweld beoog.

„Die getuies het met hul rugge na die toeskouers gekeer gestaan. Sommige se hande het buite beheer gebewe, en in ander gevalle hul knieë. Maar hul stemme was helder en duidelik. Hulle het vertel van hinderlae en sabotasiedade waarin manne van die Rooi Leër gedood is. **Maar nie 'n woord was regstreeks gekoppel aan enige van die beskuldigdes nie. In 'n Amerikaanse hof sou die hele saak in duie gestort het net op daardie enkele punt. Maar hier was een van die verrassings in die verhoor. Want kragtens hul erkenning van morele en politieke verantwoordelikheid as leiers van die ondergrondse beweging, het die 15 man in die beskuldigingshok die skakels verskaf wat hulle aan hierdie gewelddade gekoppel het. Met ander woorde, hul gedeeltelike skulderkennings het die bewys geword van algehele skuld!**

### ONDEMOKRATIES

Die regering, so het dr. Colin Steyn onlangs gesê, sal nie huiwer om ondemokratiese maatreëls toe te pas om die Ossewabrandwag te beveg nie. Maar dit geld nie meer net die Ossewabrandwag nie. **Die regeringsparty se spioenasie is ingestel op elke opposisie-groep, op elke burger.** Ook die teruggekeerde soldaat wat nou moet kom veg vir 'n huis en 'n stukkie brood — wat die huidige bewind hom nie kan gee nie en die huidige stelsel hom nie gun nie — en wat tot die oortuiging kom dat die Ossewabrandwag die oplossing bied, word deur die party aan bewind belet om sy politieke oortuiging uit te leef.

Die O.B. het reeds die vraag aan dr. Colin Steyn gestel: **As die meerderheid van die volk glo dat die pad wat die O.B. aanwys reg is, watter reg en watter mag het dr. Steyn se party om daardie volksoortuiging met ondemokratiese maatreëls te bestry?** Indien wel, watter verwyt kan hy nog inbring teen die gebruikmaking van dergelike maatreëls in die buiteland, of teen toekomstige regerings wat sy voorbeeld hier in ons land gaan volg?

In sy sterwensangs is die Verenigde Party tans besig om 'n testament van diktatorskap aan Suid-Afrika na te laat.

### SNAAKS

„Vir 'n Amerikaner was so'n handelwyse deur iemand wat van 'n misdaad aangekla word, 'n snaakse optrede. Maar hierdie saak was nie soveel 'n kwessie van misdaad as van politiek nie. Vir die Slawiese volke is politiek 'n baie sonderlinge spel".

Ten slotte verklaar die beriggewer met verwysing na die toespraak van die bevelhebber van die ondergrondse beweging waarin hy skuld erken, maar sy optrede motiveer, dat aangesien die hofsitting opgestel was vir die wêreldpers, die Russiese vervolger vooraf moes geweet het dat daardie toespraak in die hof gehou sou word. Die vraag is natuurlik: hoe het hulle geweet wat hy gaan sê? 'n Lid van die Poolse regering in Londen se aanmerking was dat hulle in 'n toestand van bedwelming moes gewees het.

Time beklemtoon dan ook dat die verhoor ooreenstem met die berugte suiweringsverhore van 1937, toe hooggeplaaste Russe met die sensasiewekkendste selfbeskuldigings te voorskyn gekom het.

# Ryksvoorkeur In Gedrang

## *Amerikaan Stel Eis Aan Engeland*

Die Verenigde State sal hulp aan Brittanje verleen op voorwaarde dat Brittanje 'n vrye stroom van handel toelaat om Amerikaanse goedere in staat te stel om die kolonies en Vrygeweste binne te gaan, het kongreslid Emanuel Celler in 'n radio-uitsending verklaar, berig SAPA-United Press uit Washington. **„Brittanje moet die sterling-blokpoel opbreek. Hy moet Imperialistiese voorkeur en handelsversperrings verwyder"**, het hy verklaar.

Celler het verklaar dat Brittanje vandag 'n skuldenaar-land is. „Hy is heeltemal bankrot, maar wil homself red ten koste van Amerikaanse internasionale handel. Engeland gebruik die sterling-blokpoel waarin hy 'n wisselkoers ter waarde van 16,000 of 17,000 miljoen dollar het, om Amerikaanse handel in lande soos Indië, Suid-Afrika, Iran en Egipte te keer.

„Hierdie lande het dollar of goud waarmee hulle Amerikaanse goedere kan koop, maar die geld is bevries en Amerikaanse handel is uitgesluit. Hulp moet aan Brittanje gegee word, maar die hulp moet gepaard gaan met 'n verligte eie-belang".

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
—o—
GARAGES EN HANDELAARS
—o—
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn, Kaapstad
Laingsburg

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU!*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

UITSTEKENDE GELEENTHEDE
vir
Jong Manne
'n Firma wat vinnig uitbrei benodig ywerige jong manne as boekhouers, stoormanne en verkopers. Goeie vooruitsigte aangebied. Besondere geleenthede vir geskikte persone om hulle na bestuurdersposte op te werk. Meld ouderdom, opleiding en ondervinding; en
Stuur afskrifte van getuigskrifte en referensies aan:
X — Posbus 1411, Kaapstad.

## Stroefheid Van Demokrasie

### STUDENT KAN GEEN FIETSBANDE KRY

'n Kenmerk van die sogenaamde demokratiese stelsel is sy amptelike omslagtigheid en afwesigheid van persoonlike verdienste. Almal word oor een kam geskeer, of dit nou deug of nie. Senioriteit is dan gewoonlik ook die enigste maatstaf vir bevordering soos ons staatsdiensstelsel so mooi illustreer.

'n Belaglike voorbeeld van hierdie onbeholpenheid vind ons in die volgende geval: Mnr. J. de Villiers Truter van Kaapstad het 'n suster in Holland wat deur die oorlog daar vasgekeer is. Sy is 'n plantkundige wat haar studies nog voortsit, waarna sy na haar vaderland sal terugkeer om haar deel by te dra op hierdie gebied. Maar watter aanmoediging vind sy van haar regering? Sy het dringend behoefte aan twee binne- en buitebande vir haar fiets waarmee sy elke maand in die loop van haar werk 'n afstand van 30 myl na Amsterdam moet aflê en elke week proefvelde moet besoek wat 8 myl verwyder is. Op die oomblik gebruik sy stukke tuinslang met sand gevul as plaasvervanger vir die bande.

Haar broer het vir haar die nodige bande in Kaapstad gekry, maar die kontroleur van rubber weier om die nodige uitvoerpermitte te verskaf, „daar voorrade vir Holland in sover moontlik voorsien word deur voorrade van Engeland onder leiding van die Ministerie van Voorrade". Gevolglik spyt dit die kontroleur dat hy nie kan inbreuk maak op die reëlings wat met die Britse Ministerie getref is nie!

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## 'n Stelsel Van Tweedrag




Onder die parlementêre stelsel doen die opposisieparty — wie hulle ook al mag wees — niks om die regerende party te help met die goeie bestuur van die land nie. Inteendeel, doen hy alles in sy vermoë om die regering teen te werk en in onguns te bring. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is opgeteken in Hansard tydens die jongste parlementsitting.

„'N AGBARE LID: Vertel vir hulle wat hulle behoort te doen.

„MNR. S. E. WARREN: Ek gaan nie aan hulle vertel wat hulle behoort te doen nie, maar plaas my in die posisie en ek sal dit doen".

(Hansard No. 3, par. 743)

## Dryf Arbeidersparty En Kommuniste Na Mekaar?

Dit skyn, volgens persberigte van oorsee, dat Europa, noudat die oorlog verby is, nie net geteister word deur hongersnood en ellende nie, maar dat die vasteland ook wemel van politieke intrige.

Teen hierdie agtergrond is die besoek van professor Laski, die Engelse sosialis (beslis nie kommunis nie) aan Europa baie interessant. **Dit wil voorkom asof dit die beleid van Moskou is om amalgamasie tussen die sosialistiese en kommunistiese partye in Europa te bewerkstellig.** Dit wil eweeens voorkom asof professor Laski se sending na Europa o.a. inhou om dergelike amalgamasie teen te gaan en die sosialistiese partye in Europa vry te hou van Moskouse invloede.

Dit wil amper voorkom asof die Arbeidersparty-regering van Engeland pogings in die werk stel om Londen die sentrum en voedingsaar van Europese sosialisme te maak, losgebind van, in teenstelling en in opposisie met Moskou as die setel van Europese kommunisme.

In ieder geval, totnogtoe is daar net aanduidings; mens sal moet wag om te sien hoe die werklikheid uitkristalliseer.

### HIER ANDERS

In ons eie land is daar tekens dat die Arbeidersparty, wat voor die oorlog 'n soort internasionale sosialisme verkondig het, en wat gedurende die oorlog, ten spyte van sy bondgenootskap met die kapitalisme, tog op hierdie gedagte bly hink het, uiteindelik, noudat die oorlog verby is, besluit het om sy lot in te werp saam met die Suid-Afrikaanse kommuniste. Dit skyn o.a. die betekenis te wees wat geheg moet word aan die onlangse samesprekings op die „eenheidskongres" wat, onder beskerming van die Arbeidersparty, in Johannesburg plaasgevind het. So skryf die „Illustrated Bulletin", die amptelike orgaan van die Arbeidersparty b.v. in sy jongste uitgawe as volg: **„Solly Sachs was een van die sterkste figure op die konferensie, en sowel hy as mnr. Duncan Burnside, L.V., het 'n kompromis voorgestaan, 'n feit wat besonder gunstig voorspel vir toenadering tussen al die seksies".**

As onthou word dat Solly Sachs tot die uiterste linkervleuel van die Kommuniste behoort en Duncan Burnside tot die uiterste regtervleuel van die Arbeidersparty, dan is dit duidelik waarheen die Arbeidersparty op pad is.

### DRYF NA MOSKOU

Dit blyk dus dat die S.A. Arbeidersparty besig is om die geestelike bande wat hom in die verlede aan die Britse Arbeidersparty gebind het, los te knip en vangtoue in die rigting van Moskou uitgooi. 'n Mens verwag nie dat die S.A. Arbeidersparty baie ver op hierdie pad sal loop voordat hy sal struikel nie.

**In Suid-Afrika bly daar dan net oor die Afrikaanse sosialistiese stroom,** soos verteenwoordig deur die Ossewabrandwag. En in die dae en jare wat voorlê, gaan die O.B. se taak al helderder en noodsaakliker word. In Suid-Afrika sal en moet 'n regering aan bewind kom wat nie kommunisties is nie, maar wat beslis ook nie kapitalisties is nie. Dit is die O.B. se taak om die motor te wees wat 'n volksosialistiese bewind in Suid-Afrika aan die loop sal sit.

En hy sal dit doen!

BOERE!

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU-KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

- BEESBOERDERY — £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU — £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

PRINSIPAAL
BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE,
POSBUS 180 STELLENBOSCH

# NOODLENIGING VIR DUITSLAND

## Verklaring van Mev. (Dr.) J. S. du Toit

Daar sal onthou word dat ek reeds in „Die O.B." van 23 Mei 'n beroep gedoen het op die vrou van die Ossewabrandwag om gereed te staan met hulp vir die lydende vroue en kinders van Duitsland. Sindsdien is ook van ander kante hierdie behoefte ten sterkste gevoel en het as gevolg daarvan 'n komitee tot stand gekom om namens alle simpatiekgesindes insamelings te doen ook vir ander geteisterde lande in Europa. Tot hierdie komitee het onder andere ons Kommandant-Generaal se eggenote in die Noorde toegetree en is ekself uitgenooi om by die Kaaplandse aan te sluit. Die oproepe van hierdie komitee word van tyd tot tyd ook in „Die O.B." gepubliseer, sowel as in ander koerante.

In verband met die rol wat ons as vroue van die O.B. kan speel om die saak te bevorder, wil ek in die eerste plek benadruk dat 'n spesiale organisasie en administrasie vir die hantering van die hulpverlening deur die komitee in die lewe geroep is, en dat diegene van ons wat wil help direk hiermee moet skakel, sodat die werksaamhede nie verdubbel word deur herhaling in ons eie kantore nie. **Elkeen wat wil meehelp moet dit doen suiwer in persoonlike hoedanigheid en nie die O.B.-organisasie as sodanig daarvoor inspan nie.**

Tweedens wil ek alle bydraers versoek om hulle gifte uitdruklik aan die Duitse noodlydendes toe te sê. Reëlings is deur ons komitee getref, soos ook aangekondig is, om elke bydraer 'n keuse toe te laat in verband met die besondere land wat die voordeel van sy geskenk moet geniet. Ons weet dat van alle lande wat swaar gedruk gaan onder die erfenis van die Tweede Wêreldoorlog, Duitsland waarskynlik die swaarste ly en sekerlik die minste hulp en medelye ontvang. Ander persone en organisasies help die ander volkere. Laat ons doen wat binne ons vermoë mag lê om die van hulp ontstoke Duitsland se lot draagliker te maak.

## *Oproep om Hulp Aan Europa*

Die Sentrale Komitee van Kaapstad, wat saamgestel is met die oog op hulpverlening aan lydende stamgenote in Europa, rig onderstaande oproep aan alle goedgesindes:

Daar kom 'n geroep om hulp van mense wat 40 jaar gelede vir ons gehelp het. Dit is die noodlydendes in België, Frankryk en Duitsland, mense wat baie ontberings moet verduur as gevolg van die oorlog. Hulle het kos, klere, seep en ander dinge dringend nodig, veral met die oog op die naderende winter. Daar die verskeping van goedere nog onseker is, kan ons tans alleen geld stuur.

Met dié doel voor oë is die Kaaplandse Sentrale Komitee in die lewe geroep om 'n Noodlenigingsfonds te organiseer, en hulle versoek groepe mense in stede en dorpe om komitees van hul eie te vorm en sonder versuim hierdie dringende saak aan te pak, en aanvanklik slegs geld in te samel waarvoor daar veral kos en klere gekoop sal word om duisende vroue en kinders in die genoemde lande te red. Nederland word nie ingesluit nie, omdat die N.G. Kerke reeds vir dié land geld insamel.

Bydraes kan vir enige van die genoemde lande aangemerk word. Kollekte-lyste word tans gedruk en is verkrygbaar by die sekretaresse van die Sentrale Komitee, mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.

Die lede van die Sentrale Komitee is: Mevv. J. E. Conradie, A. Geyer, E. Sauer, A. E. de Villiers en J. S. du Toit.

## Jeugkamp Naby Pretoria

Jeughoofkomdt. H. C. B. du Toit doen onderstaande oproep:

„Graag wil ek die aandag van alle Brandwagte van Gebied E. vestig op die Uniale Jeugkamp wat van 29 September tot 10 Oktober te Pelindaba, naby Pretoria, sal plaasvind. Die kamp sal onder die persoonlike leiding van die Uniale Jeugleier, prof. D. J. van Rooy staan. Offisiere en Brandwagte kan hulp verleen deur hul eie jongspan na die kamp te stuur en ander ouers te beweeg om ook hulle kinders te stuur.

Aan ouers gee ons die versekering dat die kleinspan onder strenge toesig sal wees, en dat hulle 'n leersame en aangename vakansie sal geniet".

## Puik Vertoning Van Wag en Orkes

Saterdagaand, 15 deser, was die Skiereilandse Brandwagte in feesstemming by geleentheid van 'n orkesaand. Die reeds beroemde O.B.-blaasorkes het voor 'n gevulde saal (Hofmeyrsaal) opgetree en die gehoor met orkesmusiek vergas.


Dit was die eerste maal dat die orkes in hul nuwe drag optree. By die aanvang is hulle geïnspekteer deur die A.K.G., genl. Smith.

Die wag het vlagparade gehou en demonstrasies van die seremoniële vlaghysing en -stryking op die verhoog gegee onder leiding van hoofwagkomdt. Bester, wat die verskillende bewegings aan die gehoor verduidelik het.

Ook mooi en deftig was die demonstrasie van die Vrouewag, waaraan 'n 20-tal jong dames deelgeneem het. Hulle is geesdriftig toegejuig by die foutlose uitvoering van die wagwisseling-seremonie. Aan die einde van die verrigtings is groot uitbreiding van hierdie eenhede deur die A.K.G. aangekondig. Hy het almal wat nie ouer as „hyself" is, versoek om na afloop van die geselligheid, wat afgesluit is met die bediening van lekker Boerekoffie, aan te sluit.

### *LIEFDADIGHEID BUITENSHUIS*

Die koerante het verlede week berig van 'n werkgewer in Kaapstad wat as verskoning vir onderbetaling van sy werkers in die hof aangevoer het dat hy so besig is met liefdadigheidswerk om sy gewete te stil, dat hy geen tyd kry om die arbeidswetgewings te bestudeer nie. Die huidige partybewind ly blykbaar aan dieselfde geesteshouding. Ten einde hul gewete te salf weens die groot wantoestande in ons land, hou hulle hul so besig met liefdadigheidswerk ten bate van Engeland, dat hulle nog tyd nòg middele het om iets vir hul eie volk te doen.




## Oorstroom Deur Bestellings

**Nog 'n adverteerder was verplig om sy advertensie in Die O.B. tydelik te staak as gevolg van die reuse-reaksie wat daarop gevolg het. Dit is nog 'n toevoeging tot die dosyne bewyse dat Die O.B. die beste advertensie-blad in die land is — soos talle adverteerders spontaan erken het.**

**Dit geld hierdie keer die here Venter en Du Plooy van Arbeidsloon, Bloemfontein, wat skryf: „GELIEWE KENNIS TE NEEM DAT U ASSEBLIEF ONS ADVERTENSIE IN DIE O.B. MOET STAAK TOT VERDERE KENNISGEWING. ONS IS OORSTROOM VAN BESTELLINGS. HEIL DIE O.B."**

## PERDESPORT GEHOU

Die Brandwagte van Meadows het O.B.-dag gevier in die vorm van 'n perdesport op 1 September. Die byeenkoms is deur genl. J. J. Swanepoel geopen, wat 'n besielende toespraak gelewer het.

Die Victor Ludorum-prys is gewen deur komdt. Van Tonder, wat twee eerste en vier tweede pryse verower het. Tweede was mnr. Fanie Terblanche, wat hom onderskei het in pensteek enkel lans en pensteek enkel sabel. Hy het ook twee tweede pryse verower. Mnre. Banie en Collie Badenhorst het saam ook 'n aantal pryse verower. Die 12-jarige Stompie Verster het eerste gekom met die pampoen-reisies.

In die dames-afdeling het komdte. mev. Swanepoel een eerste- en een tweede prys gewen en mej. Rina van der Walt 'n eerste en adj. mev. Van Tonder 'n tweede prys.

Die prys vir die beste ryperd het na genl. J. Swanepoel gegaan. Die ingesamelde bedrag is £40. — (Ingestuur).

**Paarl Monumente-Werke**
(Eien.) Bpk.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann

Gevestig 1898




Belangrike poste word deur OPGELEIDE persone verkry. Honderde T.A.K.K.-studente beklee reeds goed besoldigde betrekkings. U kan net so suksesvol wees. Pos hierdie koepon vandag.

TRANSAFRIKAANSE Korrespondensie-KOLLEGES (EIENS.) BPK.

EX AFRICA SEMPER QUID NOVI — T A

Waarby ingelyf is Universiteits-Korrespondensie-Kursusse (Eiens.) Bpk., Pretoria, en Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege T.O., Johannesburg.

Aan: Die Registrateur,
Transafrikaanse Korrespondensiekolleges (Eiens.) Bpk.,
Dept. O.B., Bus 640, Pretoria.

Stuur my, sonder enige verpligting aan my kant, besonderhede omtrent julle kursusse

Naam ....................................

Adres ....................................

Eksamens afgelê ..........................

Ouderdom .................................

SKRYF ASSEBLIEF IN DRUKLETTERS.

# PUIK MOORREESBURG-LANDBOUSKOU

**WOENSDAG EN DONDERDAG, 26 en 27 September**

**op die Tentoonstellingsterrein**

Nagenoeg 18 spanne muile en perde, karperde, ryperde, spanne osse, Fries- en Jersey-beeste, skape, varke, pluimvee, graan, groente, huisvlyt e.d.m. Alles van die beste gehalte sal tentoongestel word, benewens ook vry vertonings van Landbou-masjinerie. Die verwagting is dat die kompetisie sterker sal wees as die vorige jaar en dat die Moorreesburgse skou weer die beste op die platteland sal wees.

**Kom seker en oortuig uself.**

DIE O.B., WOENSDAG, 19 SEPT. 1945.

# Verteenwoordiging Deur Agente

„Die Volk van Suid-Afrika staan bokant partye, maar die besluit (om oorlog te verklaar) en die uitvoering van die besluit was aan die Verenigde Party te danke. **Dit is 'n feit dat die toekoms van die land in die hande van die Verenigde Party was, en ek is dankbaar teenoor hom".**

So het genl. Smuts verlede week voor 'n deel van sy party in Transvaal gesê. Dit is nie duidelik of genl. Smuts hiermee ook terselfdertyd wou erken dat dit nie die volk se keuse was om in die oorlog te gaan nie, maar as in gedagte gehou word dat die Verenigde Party vyf jaar ná sy oorlogsverklaring nog nie die meerderheid van die kiesers agter hom gehad het nie, soos die algemene verkiesing van 1943 geopenbaar het, dan sal elkeen geredelik wil saamstem met genl. Smuts **dat hierdie gewigtige besluit suiwer en bloot 'n party-koukus-besluit was en nie dié van die volk nie.**

En daarmee is ook terselfdertyd erken dat die parlementêre stelsel geen volksverteenwoordigende stelsel is nie, maar hom leen as instrument in die hande van minderheidsgroepe om volkskadelike besluite op die volk af te dwing. Dit is die instrument waarmee Brittanje sy wil op ons volk kon afdwing met behulp van 'n vyfde-kolonne in ons land. **Dit is die eintlike Britse konneksie wat ons verbind aan Engeland se imperialistiese en handelsbelange en ons verplig om sy oorloë vir hom te voer.**

Ons land het onder geen verpligting gestaan om aan 'n Engelse oorlog deel te neem nie. Die kwessie van deelbaarheid of nie van die Britse Kroon, en dergelike volkeregtelike debatspunte het lankal opgehou om 'n praktiese vraagstuk te wees. Die Kroon, die Geheime Raad, ens. het slegs nog maar simboliese betekenis vir ons gehad. Die gesag om oor deelname aan 'n buitelandse oorlog te beslis, het nie in Londen gesetel nie, maar in die Unie-parlement self. **Op hierdie punt sou dit geen verskil gemaak het of ons 'n Republiek was of nie.**

## VOLMAG AAN AGENTE

Maar deur die verbrokkelende werking van die partystelsel kon die parlement nie die gesamentlike wil van die volk weerspieël nie, **want die parlementslede was geen volksverteenwoordigers nie, dog bloot partyverteenwoordigers.** En waar hierdie stelsel hoofsaaklik rekening hou met partye en nie met die volk nie, het dit ook die moontlikheid gebied vir 'n politieke staatsgreep soos ons dit in September 1939 aanskou het. Sonder om oor so 'n gewigtige saak soos oorlog eers na die volk te gaan, het 'n deel van 'n politieke party met grootskaalse intrige — en bes moontlik omkopery — hom meester gemaak van die „kussings". **Net soos die politieke partye 'n kunsmatige aangroeisel op die volk is en hom tussen die volk en sy verteenwoordiging stel, so ook is op kunsmatige wyse 'n regering in die vorm van 'n party aan die volk opgedring wat op eie houtjie die volk tot 'n oorlog verplig het.**

Hierdie toestand kon alleen ontstaan het omdat die volk toegelaat het dat hy homself deur agente laat verteenwoordig in plaas van regstreeks sy verteenwoordiging te behartig. En hierdie agente (of politieke partye) het volmag om namens die volk te besluit net wat hulle wil.

Britse sentiment is dus in die geleentheid gestel om homself in die vorm van 'n politieke party as agent van die volkswil op te dring en ooreenkomstig sy eie hartstogte te besluit oor die wel en wee van Suid-Afrika.

En solank ons hierdie stelsel handhaaf, sal selfs 'n republiek geen waarborg wees vir ons land om buite toekomstige oorloë te bly nie.

# REISPLAN VAN A.K.G.

GENL. J. A. SMITH spreek die volgende vergaderings toe:

| | | |
|---|---|---|
| UNIONDALE | 21 Sept. | 7.30 n.m. |
| COLESKEPLAAS, BAVIAANSKLOOF | 22 Sept. | 11 v.m. |
| VLAKPLAAS, BAVIAANSKLOOF | 22 Sept. | 3 n.m. |
| LADISMITH | 24 Sept. | 7.30 n.m. |
| CALITZDORP | 25 Sept. | 7.30 n.m. |
| DE HOOP | 26 Sept. | 7.30 n.m. |
| MATJIESRIVIER | 27 Sept. | 7.30 n.m. |

O.B.-kamp op die plaas van genl. Jurgens Schoeman vanaf 6 uur n.m. 28 Sept. tot 5 Okt. Besoekers sal op Oudtshoornstasie afgehaal word.

Alle name moet in wees by genl. Jurgens Schoeman, Bus 142, Oudtshoorn, vóór of op 21 Sept.

Bring beddegoed, eetgereedskap, ens. saam

Fondsdag-Funksie by kamp, Maandag, 1 Oktober om 2 uur n.m. Spreker: A.K.G. J. A. Smith.

ALMAL WELKOM.

# Die Oorskakeling van Oorlog Na Vrede

(Deur prof. J. A. Wiid)

Die oorskakeling van oorlog na vrede is nie maar net die druk op 'n knoppie nie en is selfs veel moeiliker as die oorskakeling van vrede na oorlog. Dit is altyd baie makliker om 'n brand te stig, veral as daar ontvlambare materiaal in oormaat voorhande is, as om 'n brand te blus. Dit ondervind die wêreld van vandag, die volke wat tot onlangs oorlogvoerend was sowel as die neutrales, die oorwinnaars sowel as die oorwonnenes.

## DEMOBILISASIE

Een van die eerste regeringsdade wat op wapenstilstand en vredesverdrag volg, is sonder twyfel die demobilisasie van die gewapende magte en van alles wat vir die oorlogvoering onontbeerlik was. Vir miljoene en miljoene soldate moet burgerlike wonings, klere en skoene gevind word en wat nog veel moeiliker is, burgerlike betrekkings en verdienstes waar hulle 'n heenkome kan vind. 'n Dergelike demobilisasie stel aan owerhede sowel as aan manskappe besonder hoë eise.

In verband met demobilisasie is die tyd om beloftes te maak vir die owerheid verby en het die dag aangebreek om hierdie beloftes wat soms nogal onversigtig gemaak is, na te kom. Die tyd is verby toe mooi slagspreuke soos veg vir beskawing, Christendom en vryheid, met verkwistende hand uitgesaai is, toe 'n sogenaamde gemeenskaplike gevaar jong manne tot die wapens geroep het. Die tyd het vir die owerhede aangebreek om miljoene vegtende jong manne in die vredeshuishouding in te skakel, sonder om diegene wat gedurende die oorlog as hul plaasvervangers opgetree het, in die pad te steek. Voorwaar geen gemaklike taak nie!

Ook vir die gedemobiliseerdes sal die oorskakeling geen gemaklike wees nie. Vir baie het ontnugtering spoedig gevolg op die mooi advertensies van laggende en jubelende soldate wat per trein of skip na die oorlogsfronte gelok is; vir die meeste wag daar nog wrede ontnugterings. Hulle sal uitvind dat hulle gedurende die jare aan die oorlogsfronte heelwat van die burgerlike lewe en sy eise verleer en vergeet het en dat dit moeilik sal gaan om die agterstand op die gebied van burgerlike beroepe en ambagte in te haal. Hulle sal veral uitvind dat dit makliker vir die owerhede was om mooi beloftes by mobilisasie te maak as om hierdie beloftes by demobilisasie na te kom. In sommige gevalle was ontnugtering reeds voor demobilisasie oorsaak dat Suid-Afrikaanse soldate in Egipte en Kanadese troepe in Engeland amok gemaak het. Volgens Amerikaanse berigte sou Kanadese soldate groot verwoestings in Aldershot, die ou en bekende Britse militêre kamp, aangerig het.

## VERHOUDINGS TUSSEN OORWINNAARS

Maar dit is nie alleen demobilisasie as sodanig en die oorskakeling van oorlog na vrede in die algemeen wat die owerhede van die wêreld voor uiters moeilike vraagstukke stel nie, maar ook die verhoudings tussen die bondgenote van gister wat ernstige sorge baar. Nou dat die sogenaamde gemeenskaplike Duits-Japanse gevaar, wat die uiteenlopende en selfs botsende belange van vyf wêrelddele saamgesnoer het, van die toneel verdwyn het, kan die krake en barste tussen die bondgenote van gister nie meer toegesmeer word nie en word die wêreld voorberei vir die vyande en botsings van more. Hierdie more kan nog lank op hom laat wag, nie omdat die botsende belange minder uiteenlopend as in 1914 of in 1939 is nie, maar omdat die wêreld te krank vir nog 'n bloedlating is.

'n Mens hoef maar net een van ons dagblaaie in die hand te neem en die kabelberigte daarin, sê van laaste Donderdag, te lees om jou daarvan te oortuig hoe min daar van die bondgenootskaplike broederlikheid, wat tot onlangs so sterk deur die oorlogspropaganda beklemtoon is, nog oorbly.

Behalwe dat berig word dat minister Lawrence dit nodig vind om twee pamflette uit te gee om „misverstande oor die Regering se beleid teenoor die soldate uit die weg te ruim", word in die oorsese berigte melding gemaak van 'n heftige aanval wat deur 'n Amerikaanse vakbond-leier, Meany, op die Britse Vakbondkongres teen die Russiese vakbond gemaak is; van bearbeiding van die Sjinese deur die Russe; van die Russiese instelling van 'n Duitse owerheid sonder om die Angel-Saksiese bondgenote in die saak te ken; van „struikelblokke" op die raad van ministers van buitelandse sake van die vyf grootmoondhede wat op die oomblik in Londen vergader; en van Amerikaans-Britse geskille insake die opheffing van die bruikleen-ooreenkoms.

## DIE AMERIKAANSE OPHEFFING VAN DIE BRUIKLEEN-OOREENKOMS

In verband met hierdie saak het, soos ons weet, 'n Britse handels- en finansiële sending in allerhaas na Amerika gegaan. 'n Vooraanstaande lid van hierdie afvaardiging is die bekende Britse ekonoom lord Keynes. Een van die dringende vraagstukke wat volgens Reuter behandel gaan word, is om Brittanje in die kritieke wintermaande wat voor die deur staan, te voed en te kleed. Britse amptenare in Washington het hierdie aspek van die samesprekings onomwonde as „'n wedloop teen die tyd" beskryf.

Hoewel lord Halifax, die hoof van die Britse afvaardiging, beweer dat „Brittanje geen voorneme het om as smekeling na die V.S.A. te kom en om hulp te vra wat volgens Amerikaanse mening nie in belang van hulself en die wêreld is nie", behoort dit tog vir elkeen duidelik te wees waar die knoop lê. Die Republikeinse lid van die Huis van Verteenwoordigers, Smith, was dan ook ter sake toe hy gesê het dat lord Keynes weer in Amerika besig is „om dit met die tesourie en ander Amerikaanse amptenare te probeer regkry om meer bloed uit die Amerikaanse volk te suig vir oortapping in die ekonomie van sy eie land, wat hagik siek is van die kwaksalwermiddels wat deur hom en ander soos hy toegedien is. Daar is geen hoop hoegenaamd op redding vir Engeland onder die stelsel van staat-sosialisme, wat 'n eufemistiese naam vir kommunisme is nie, al gee ons nou ook vyf of vyftig miljard dollar aan Brittanje".

'n Ander lid, die Demokraat Celler, het voorts 'n mosie voorgestel „dat die V.S.A. geen finansiële hulp aan Brittanje verleen nie, tensy Brittanje belowe om die sterlingblok te ontbind, Ryksvoorkeur afskaf, en 'n vermindering in sy skuld aan lede van die Ryk bewerkstellig".

Hierdie mosie is uiters belangrik, veral die dele wat betrekking het op die sterlingblok en Ryksvoorkeur.

(Vervolg op bls. 5, kol. 3)

# VROU KAN HAAR PLIG BINNE HUIDIGE STELSEL NIE NAKOM

## GENLE. MEYER OOR GESINSLEWE

**„Die veredeling van die vrou raak verlore onder armoede en ellende. Die vrou besef dat sy van die huidige stelsel niks te verwag het nie, daarom het sy haar ingegooi in die stryd wat die Ossewabrandwag voer", het genle. mev. C. Meyer, Hoofvrou van Gebied C (Vrystaat) gesê by geleentheid van 'n O.B.-dagfunksie op Frankfort.**

**Sy het die belangrike taak van die vrou as middelpunt van die gesinslewe beklemtoon, en die verskillende funksies van die gesinslewe behandel, soos dit in die O.B.-beleid vasgelê is.**

Die volksgemeenskap bestaan nie uit individue nie, maar uit huisgesinne. Die huisgesin is verantwoordelik vir die stelselmatige voortplanting van die volk. Dit is die lewensbron van die volk.

Dit is die plig van die huisgesin, en in hierdie geval veral van die vader, om uit eie krag en arbeid in die lewensbehoeftes van die gesin te kan voorsien.

Dit is die plig van die huisgesin, en in hierdie geval veral van die moeder, om die beskikbare middele sodanig aan te wend dat dit die nodige liggaamlike versorging verskaf. Hierdie regte liggaamlike versorging vorm die grondslag van volksgesondheid.

Die mens is egter nie net 'n stoflike wese nie, maar ook 'n sosiale wese met bepaalde verhoudinge tot sy gesinsgenote en volksgenote. Binne die huisgesin moet toegesien word dat daar 'n gedissiplineerde gesinsmens gevorm word met die oog op die vervulling van 'n eie taak binne die huisgesin en verder met die oog op sy inskakeling in die breëre volkslewe.

Die mens is ook 'n geestelike wese. Vir die opvoeding en selfverwesenliking van die kind het die huisgesin en die skool 'n gemeenskaplike taak. Die huisgesin moet die lewensbeskouing van die volk aan die kinders tuisbring, sodat hulle langs dié weg deelgenote en mededraers van die geestelike volksbesit kan word. Alleen jong volksgenote wat 'n sodanige ontwikkeling deurmaak, sal in staat wees om die geestelike erfenis van die volk met hulle eie aspirasies en ideale te vereenselwig.

### GODSDIENSTIGE TAAK

Vir die godsdienstige opvoeding van die kind het die huisgesin en die kerk 'n gemeenskaplike taak. Die kinders moet opgevoed en gevorm word in die godsdiensbesef, geloof en oortuigings van die eie volk, veral met die oog op hulle ewigheidsbestemming, maar ook met die oog op die versterking van die godsdienstige lewe van die huisgesin en van die volk.

Ten slotte moet die huisgesin ook staan in die diens van die volksgemeenskap ooreenkomstig die nasionale aspirasies en ideale, terwyl volksbelang swaarder moet weeg as gesinsbelang, en eie belang vir gesinsbelang op die agtergrond moet tree. Sonder opoffering kan die gesinsfunksies nooit vervul word nie.

**Die ontwrigting van die huisgesin loop uit op die verval van die volk. Die huisgesin kan ook weer alleenlik tot behoorlike funksievervulling in staat wees as die sosiaal-ekonomiese ordening van die volk hom daartoe in staat stel.** Die funksievervulling van die huisgesin moet geskied in diens van die volk en tot eer van God wat die huisgesin ingestel het.

Die Afrikanervrou wat die middelpunt vorm van die Afrikanerhuisgesin, was nog altyd onoorwinlik op die pad van Suid-Afrika. Sy het haar offers gebring, en haar deel bygedra tot die bou van haar volk.

Elke volk het sy vernederinge, sy verguisinge en sy nederlae, maar die staal in sy bloed word geopenbaar in sy vermoë om uit sy puinhope op te staan as 'n herbore volk.

### SAL OORWIN

God gebruik rampe en teëspoed as middel om 'n volk te vorm. Ons voorouers was aan 'n deurtastende toets onderwerp en het geseëvier. **Ons glo dat die Afrikaner onder die leiding van God dit weer sal doen. Sy vryheidsin is te sterk om gedemp te word.**

**Ons moet besef dat ons ideale staat nie maar net 'n ideaal sal bly nie, maar dat dit stap vir stap nader gebring word aan die werklikheid, al is dit in hierdie donker uur. Dit is miskien juis so donker omdat dit in hom inhou die belofte van 'n nuwe dag.**

Ons glo in God wat die Boerevolk so wonderlik gevestig het. Ons glo in ons roeping om 'n witmansland in Suid-Afrika te verseker. Laat die fakkel van hand tot hand gegee word, van geslag tot geslag.


Boerenooi, eis dit van jou minnaar dat hy hom sal inskerp in hierdie vryheidstryd!

Boerevrou, verg dit van jou man dat hy sy man sal staan in die uur van sy volk se nood!

Boeremoeder, boesem dit in in die siel van die kleine aan jou knie:

„Die stryd wat ons vaders
begin het,
Sal woed tot ons sterf of
gewin het!"

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



**J. A. BEZUIDENHOUT.**

Op die oomblik nog in die Sentrale Gevangenis te Pretoria, waar hy 'n langtermyn tronkstraf uitdien, wat hom kragtens die Noodregulasies opgelê is.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

Mnr. en mev. Charles Buckle wat twee O.B.-pilare op N'kana, Noord-Rhodesië, was, het nou na Lusaka verhuis waar mnr. Buckle hom op die boerdery gaan toelê. Ons beste wense vergesel ons twee staatmakers. — (Ingestuur.)

## O.B.-DAGFUNKSIE OP UTRECHT

Op Vrydag, 31 Aug. het die Utrechtse kommando 'n funksie gehou op Fondsdag. Die vroue het hulle besonder beywer om dit 'n sukses te maak.

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het Utrecht as die laaste plek op sy toer deur Natal besoek, en die funksie bygewoon. Nadat genl. Smith die lyfwag, vroue- en manne-erewag geïnspekteer het, het die vlaghysing plaasgevind en daarna het genl. Dannhauser met Skriflesing en gebed die funksie geopen. Genle. Steenkamp was ook teenwoordig. Na 'n kort toespraak deur die A.K.G. het die gewone verrigtings plaasgevind.

Die opbrengs was £117-9-0, waarvan die Boerejeug £21-5-0 bygedra het. Die hartlikste samewerking en opofferende gees was kenmerkend.

Die aand is 'n openbare vergadering in die stadsaal gehou. Die A.K.G. het tussen twee rye wagte die saal binnegetree na die verhoog, en daarna het die puik afgerigte wagte hulle plekke langs die muur ingeneem.

Die A.K.G. het 'n besielende toespraak gelewer, en van harte wens ons dat alle Afrikaners dit kon gehoor het, om hulle te oortuig van die dringende noodsaaklikheid om 'n verenigde volksfront te help vorm, en ons diepste wense verwesenlik te sien.—(Ingestuur).

(Vervolg van bls. 4, kol. 4)

Hierdie mosie vertolk waarskynlik die gevoelens van baie Amerikaners en met ekonomiese stabiliteit in Amerika is dit te betwyfel of Londen sy ou standpunt insake die sterlingblok en Ryksvoorkeur op die duur sal kan handhaaf. Miskien staan ons op die vooraand van 'n uiters belangrike handelsoorlog tussen Washington en Londen, waarin Suid-Afrika diep getref gaan word.

### EN INTUSSEN......!

Intussen is die posisie van Sentraal- en Wes-Europa, veral die dele wat onder Moskouse beheer staan, uiters haglik. Dit is so haglik dat selfs 'n blad soos die C a p e A r g u s wakker skrik, al is dit te laat, en waarsku teen „a danger in Europe" en veral teen die Russiese wyse van optrede.

Die oorskakeling van oorlog na vrede gaan voorwaar 'n uiters moeilike operasie wees. Dit alles herinner aan die kritiek van die ou Romein op 'n bekende veldheer: hy het die land in 'n woestyn omgeskep en nou noem hy dit vrede! Dit is by hierdie demokrasieë van Wes-Europa waar Brittanje, volgens die bekende ontplofbare toespraak van veldm. Smuts, sy toekomstige bondgenote moet gaan soek!

'N MOOI LEERSAK
is baie belangrik
by u uitrusting.
Kry dit by
Steyns
Die Dames-Winkel
PAROW

SCHOEMANELLO DRANK...
Vir Kwaliteit en Tevredenheid
die Goedkoopste

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissie. | Per gelling in vaatjies van 5 gels. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. .. .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne .. | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak .. | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) .. .. | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig .. .. .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROE WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen .. .. | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terugbesorg word. Weens bottelskaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

# HELDEDAG

WORD DEUR DIE OSSEWABRANDWAG GEVIER
in die

## *Hofmeyrsaal, Kaapstad op 10 OKTOBER 1945*

om 8 n.m.

Opvoering deur die

## *Remskoen-toneelvereniging*

KORT TOESPRAAK
(Spreker word later aangekondig)
ALMAL WELKOM!

